DIE GEREFORMEERDE

Vroueblad

MEI 2019

HEMELVAART:
Die Gees uitgestort

Moenie my vergeet nie

Die wit horlosietjie

Hartbeespoort
Herfsmark

PRYSE (per tydskrif):
SELF-AFHAAL: R 20-00
GROEPE (POS): R R29-19
INDIVIDU (POS): R31-37
ELEKTRONIES: R10-46

www.gksa.org.za/Tydskrifte/vroueblad-inteken

Inhoud

Mei 2019



GEREELD

3 Redakteursbrief
4 Lidmaatpraat
5 Sodat my huis kan vol word: Jesus se seënende hande oor sy gestuurde kerk

IN-DIEPTE

6 Die Gees uitgestort op alle mense
8 Die Nuwe Testamentiese kerk groei
10 Lidia se bekering

LEEFDINGE & LEESDINGE & SIELSDINGE

14 Teks & Vers: Werkende Skoene
16 Boekeblad: *Die Wens* deur Beverly Lewis
18 Moenie my vergeet nie
20 Hemelvaart: Net nóg 'n dag…?
22 Die wit horlosietjie
24 Gemeente-Mosaïek: Hartbeespoort Herfsmark

26 Gemeente-Mosaïek: Ons kuier by Die GK Edenvale
28 Resepteblad: Melktert
29 Lees in Junie 2019
29 Gemeentedagboek: Hartbeespoort Herfsmark
29 Intekenvorm
30 Hartskatte
31 Geure in die Bybel (3)
32 Kaleidoskoop Mei 2019

'N PUBLIKASIE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA

Ander publikasies van die GKSA:

- Die Kerkblad
- Die Slingervel (Laerskoolkinders)
- Die Kruispad (tieners en jongmense)

Bied ook verrykende geestelike leesstof en kan bestel word by die Administratiewe Buro: (018) 297 3986.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksie nie. Die Redaksie behou hom die reg van plasing asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

WIL JY GESELS OOR IETS?

SMS: 082 555 9586 (begin SMS met VB)
E-pos: cobiesteyn@live.com
Facebookblad: Gereformeerde Vroueblad
Slakkepos: Posbus 178 Lydenburg 1120.

(Hierdie besonderhede is nie vir administratiewe soos inskrywings of kansellasies bedoel nie – skakel die Administratiewe Buro in Potchefstroom: (018) 297 3986)

Besoek ons *Facebook*blad – en vertel ons watter troos dit jou bied om te weet dat die Heilige Gees ons waarborg is dat ons losgekoop is van die sonde en die ewige dood en dat die Heilige Gees ons waarborg is dat ons God se eiendom vir ewig is.

JAARGANG 73 NOMMER 11

Die Gees uitgestort

— — — — — — — brief van die redakteur — — — — — — —

"God self het ons saam met julle op hierdie vaste grond gevestig: op Christus. God het ons vir Hom afgesonder, ons as sy eiendom beseël en die Heilige Gees in ons harte gegee as waarborg wat ons nog sal ontvang"
(2 Kor. 1: 21-22)

My susters in die geloof,

Saktyd wag mos maar vir niemand nie. Daarom het ek by die see aan hierdie uitgawe gesit en werk. Nie heeltemal afgesonderde studeerkamerstilte soos tuis nie, maar wanneer dit aand geword het en my gesinsgenote moeg is van die son en vars lug, raak dit tog bietjie stiller.

So sit ek en een van my kinders oorkant mekaar en werk – hy op sy rekenaar en ek op myne. My man kom verby en ons gesels oor wanneer die volgende uitgawe moet sak. Omdat ons 'n maand of twee vooruit werk, soos dit nou maar in die drukkerswese die geval is, raak 'n mens maklik deurmekaar oor aan watter uitgawe jy watter maand werk. Met dié dat ek vir Abel wil sê ons werk eintlik twee maande vooruit, weerspreek ek myself en ek sê hy moet onthou: "Ek is *prepaid*". Eers skater ons drie dit uit. Toe kom dit van my seun se kant af: "Ma's reg! Ons is *prepaid*. Meer as 2000 jaar terug al!"

Sy woorde neem my gedagtes dadelik terug na ons tema vir hierdie maand: Die Gees uitgestort. En die woorde van Paulus in 2 Kor. 1: 21-22: "God self het ons saam met julle op hierdie vaste grond gevestig: op Christus. God het ons vir Hom afgesonder, ons as sy eiendom beseël en die Heilige Gees in ons harte gegee as waarborg wat ons nog sal ontvang" eggo ook dadelik in my kop. Want deur die verlossingswerk van Christus het Hy met sy kosbare bloed vir ons betaal en losgekoop. Ons "kwitansie", of soos Paulus dan sê ons "waarborg" – die Heilige Gees wat ons beseël as sy eiendom.

In hierdie uitgawe gesels ons juis oor die uitstorting van die Heilige Gees en die werking van die Heilige Gees in die harte van mense tydens die totstandkoming van die vroeë Nuwe Testamentiese kerk.

Ons dank die Here vir sy Gees – die waarborg, dat ons nou alreeds God se eiendom is en ook ons waarborg dat ons eendag volmaak deel sal wees van sy ewige heerlikheid: "Hy wat ons vir hierdie oorgang (*met verwysing na ons sterfdag – eie nota ter wille van duidelikheid*) voorberei het, is God. As waarborg hiervan het Hy ons sy Gees gegee" (2 Kor. 5: 5).

Groete in Christus

Cobie Steyn

Ons is op *Facebook*: Gereformeerde Vroueblad. Gaan *Like* ons!



Die Nuwe Testamentiese Kerk se groei

Deur Prof. Tjaart van der Walt (artikel verwerk uit sy *Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament*, 1984. Pro Rege: Potchefstroom)

Die ideale beeld wat ons in Handelinge van die eerste gelowiges in Jerusalem kry, maak 'n mens soms weemoedig-jaloers. Dit was die lentetyd van die Kerk toe alles nog vars en fris was en die herinnering aan die kruis en opstanding van die Here Jesus Christus oorweldigend – en die werking van die Heilige Gees in hulle harte onkeerbaar.

Nie dat dit altyd so maklik was om Christen te wees in die hartjie van die destydse Jodendom nie. Van die begin af het die eerste Christene met spot, intimidasie en vervolging te kampe gehad, en baie gou het die eerste martelaarsbloed gevloei. Maar dit kon die vlam van die geloof nie blus nie " inteendeel, dit het dit des te helderder laat brand.

Vervul met die Heilige Gees

Dit kon ook nie anders nie: in die harte van die gelowiges het dan nou die Heilige Gees gewoon! Elke gelowige afsonderlik (1 Kor. 6) en almal saam (1 Kor. 3) was die tempel van die Heilige Gees. Die tyd van die Heilige Gees het nou aangebreek.

Daarom lees ons ook so baie van die Heilige Gees op die eerste bladsye van die geskiedenis van die jong kerk van Christus. Die Krag uit die hoogte (vgl. Hand. 1:8) is hier – en dan gebeur daar ook dinge! Die Griekse woord vir krag wat hier gebruik word, is dieselfde as wat ons nog het in woorde soos dinamo, dinamiet en dinamies. Die Heilige Gees het die dryfkrag geword wat dit vir hierdie eerste Christene net onmoontlik gemaak het om stil te sit, die dinamiet wat die een vesting na die ander van die heidendom laat ontplof het.

Die feit dat die gelowiges nou self die tempel van die Heilige Gees geword het, het egter nie beteken dat hulle dadelik die rug op die ou tempel, die tempel van die ou verbond gekeer nie. Hulle is gedurig daar (Luk. 24:53; Hand, 2:46; 3:1 e.v., vlg. 4:1 e.v.; 4:20 e.v.; 5:42; vlg. ook later Paulus: Hand. 21) – nie uit dooie gewoonte nie, maar om die lewende God te aanbid. Terselfdertyd weet hulle ook dat God orals aanbid kan word, en kom hulle gereeld ook buite die tempel, in huise saam om te bid (bv. Hand. 1:13 en 14; 2:46; 5:45; 12:12). As die tempel dan later vir hulle gesluit word en uiteindelik in 70 n.C. verwoes word soos ons Here Jesus Christus trouens al voorgesê het (bv. Mark. 13:1-2; Matt. 23:38) – is dit vir hulle geen ramp nie.

Waaragtige gemeenskap

Van die opvallendste kenmerke van hierdie eerste Christene was hulle geweldige gemeenskapsgevoel. Dis byna of 'n mens hier te doen het met een groot gesin – en dit is ook so: hulle het dan almal een en dieselfde Vader! Omdat die band met God so heg was, kon dit nie anders nie: die band tussen die gelowiges onderling was innig en opreg.

Dit kom op verskillende maniere tot uitdrukking.

In die eerste plek sien ons dit reeds hieraan: dat hierdie vroegste kerkmense so gereeld – byna so gedurig – bymekaar is. Telkens moet Lukas van hierdie eerste Christene die woordjie "eendragtig" gebruik (Hand. 1:14; 2:2; 2:46; 4:24; 5:12; vgl. 8:6). As een van hulle ly, voel die ander saam en bid hulle saam vir hom – soos byvoorbeeld as Petrus in die tronk is (Hand. 12:5, vs. 12 e.v.).

Hulle laat egter nie hulle gemeenskap by woorde – al is dit dan ook in die gebed – bly nie. Hulle kom gereeld saam om ook saam te eet: die sogenaamde liefdesmaaltye (bv. Hand. 2:42, 46). Aan die einde van so 'n gesamentlike ete is die Nagmaal dan blykbaar ook saam gevier (vgl. ook 1 Kor. 11: vs. 20-21). Trouens, hulle het nie net hulle kos nie, maar alles wat hulle het, met mekaar gedeel (Hand. 2:44.45, 4:32 e.v.).

Dis 'n misverstand om te dink dat almal alles verkoop het sodat daar geen privaatbesit meer was nie. Die gelowiges het hulle besittings tot beskikking van mekaar gestel, en as iemand iets nodig gehad het, het die wat wel gehad het, dit spontaan en met die grootste plesier vir hom gegee, of waar nodig ook met blye harte van hulle besittings verkoop en so die behoeftiges gehelp. Alles is dan ook nie gelykop verdeel nie, maar na behoefte. En veral: niks was gedwonge nie (Hand. 5:4), maar volkome vrywillig en spontaan. Dit was dan ook geen sogenaamde primitiewe Kommunisme nie, maar 'n skitterende belewing van waaragtige Christelike gemeenskap, lewende liefde in aksie in 'n lewende gemeenskap. Omdat almal saam dieselfde Vader het, is almal broers en susters van mekaar – en dit is tog ongehoord dat iemand gebrek sou ly terwyl sy broers en susters wel die middele het om hom te kan help.

Groei

Dit kon dan ook nie anders nie: al hierdie dinge moes 'n geweldige indruk op die mense gemaak het.

In Hand. 2:47 lees ons hierdie merkwaardige woorde: dat die eerste Christene in guns was by die hele volk (vgl. 4:21) Daarom groei hierdie klein gemeentetjie van die begin af ook baie sterk: "Tog is baie mense wat in die Here geglo het, mans sowel as vrouens, algaande by hulle getal gevoeg" (Hand. 5:14).

Ons Here Jesus het veel meer volgelinge gehad as net die twaalf dissipels, maar ná die kruis het meeste teruggekeer na Galilea. In Jerusalem is daar met Pinkster maar net ongeveer 'n honderd-en-twintig bymekaar (vgl. Hand. 1:15). Op die eerste Pinksterdag self groei die getal egter al met drieduisend (Hand. 2:41), en dag vir dag word die gemeente groter (Hand. 2:47) sodat die getal baie gou op vyfduisend staan (Hand. 4:4). Ook priesters word in groot getalle Christene (Hand. 6:6) – juis die mense van wie mens sou verwag dat hulle die moeilikste gekersten sou word, word blykbaar getrek deur die innige liefdesgemeenskap onder die vroegste Christene. Ons lees ook later van Fariseërs wat Christene geword het (Hand. 15:5) – trouens, dié apostel van die heidene, Paulus was immers 'n Fariseër.

Inderdaad was die kerk van die Here van die begin af 'n bonte verskeidenheid van mense uit verskillende agtergronde: arm en ryk, mans en vrouens, Jood en nie-Jood, priester en Fariseër… maar hierdie kerk het voortdurend gegroei deur die kragtige werking van die Heilige Gees in mense se harte. V

LIDMAATPRAAT: Anna Scheepers: In Hand. 5:14 word vertel dat al hoe meer mans en vrouens bymekaar gekom het as gelowiges en sodoende het getalle gegroei. In Hand 9:2 lees ons van hoe Saulus beplan het om al die gelowige mans en vrouens in sinagoges in Damaskus dood te maak. Jesus het dit nie toegelaat nie. Dus het getalle bly groei. In hierdie twee gedeeltes word vrouens baie pertinent genoem. In die Joodse geloof word steeds op vrouens neergesien maar ten spyte daarvan word die kerk se groei duidelik gemeet aan die getalle van vrouens ook.

Die Wit Horlosietjie

DEUR JAAI DU PLESSIS

"Krrrrrrrrrrrr!"

"Kan dit al vieruur wees, Eva? Dis dónker! Is die krag steeds af?"

"Lyk my so ja. Die sonkraglampies het gister darem goed gelaai. Ek bring een."

"Dankie. Ek het beplan om vieruur te begin. Anders gaan my voorlegging nie klaar wees nie."

"Ek maak gou vir ons tee. Dankie tog vir gas!"

"Dankie tog vir jou en jou ou staanhorlosietjie. Al lyk die wit buitekant so verweerd doen hy klokslag sy ding. Eintlik verstommend dat sy goue gesiggie agter die glas al die jare so blink gebly het."

"Ook maar net Eskom se mannewales wat my hom laat uitsnuffel het."

"Oeeeiii, is Mams al in die kombuis? Hoe laat is dit? My selfoon het gedooi."

"Knap na vier André. Wil jy koffie hê?"

"Asseblíéf. Ek moet voorberei vir vandag. Mams se horlosietjie het my dag gered. Het Mams dalk vir my nog 'n sonkraglampie? Gisteraand s'n is pap."

So werk ons drie elkeen in 'n ligkol terwyl my wit horlosietjie ons op koers hou.

"Kom eet, jonge man. Hierdie horlosietjie se wysers wag vir niemand vanoggend nie. Dis halfses, en jy wil mos sesuur ry, né?"

"Ja, Mams, dankie. En dankie vir die vlaggie by die opmerking oor die *Ten Commandments* -fliek in Covey se boek. Ek gaan dit beslis gebruik. Dalk kliek iets nét in plek vandag."

"Groot plesier. Mag dit werk."

"Ek het bietjie wyer gelees en ek hou baie van die storie oor die oorlogskip. Dit het my nogals aan Mams se horlosietjie laat dink. Sy woord is ook eintlik wet!"

Met die twee manne in my lewe elkeen op sy eie koers die dag in daal daar 'n stilte neer. My suster kuier by ons en ek maak vir ons twee tee. Ons sit skaars met ons tee toe gaan die krag aan en die fone begin laai. En die selfoontoring wat ons vallei bedien kry lewe en laai 'n string boodskappe af.

'n Vriendin het vir my 'n inspirerende *WhatsApp*-boodskappie aangestuur: "'n Vrou is soos 'n horlosie. Van buite sien jy haar hande beweeg, maar daar is iets diep binne-in haar hart wat haar energie gee om voort te gaan. Dis God se Gees in haar. Sy gee rigting, en almal kyk gedurig na haar om koers en orde te behou."

"Dit voel vir my nie so baie gereformeerd nie."

"Miskien tóg," sê my suster, "as jy mooi dink, het die skrywer dalk iets beet: Ons as die vroulike geslag wás by toe die Hei-lige Gees uitgestort is. Handelinge 2 praat van dienaars én dienaresse op wie Hy sy Gees sal uitstort. Én ons was by toe al hoe meer mense gelowig geword het want hoofstuk… ek dink… 5 sê mans sowel as vrouens is algaande by hulle getal gevoeg. Ons is toe ook nie in glaskaste gesit en beskerm teen die probleme wat Christene ervaar het nie want Paulus wou mans sowel as vrouens, gevange neem in hoofstuk… hmmmm…9. Maar toe was ons genadiglik ook daar toe die einste Paulus die evangelie verkondig het aan 'n groep vroue en Lidia hom in hoofstuk 16 geglo het. God het in die vroeë kerk dikwels in en deur vroue gewerk. Met dié dat Lidia so 'n invloedryke handelaar was, is die deur vir die bediening in Europa oopgemaak."

"En dit beteken dan seker dat ons, al is ons minder kleurryk as Lidia, steeds die deur moet oophou vir die vloei van die Evangelie. En koers en rigting en orde moet verskaf."

"Is dit wat jou geïnspireer het om André se aandag op 'n aahaling oor die Tien Gebooie te vestig?"

"Ja. Hy stoei met iemand wat 'n wet oortree. Daar is 'n ver-basende goeie rede wáárom, en daarom sukkel hy om tot die oortreder deur te dring dat die begínsel steeds verkeerd bly."

"Wat sê die aanhaling?"

"Dit is vir ons onmoontlik om die wet te breek. Ons kan net onsélf teen die wet breek" (1: p.33)

"Sjoe. So uit 'n ander hoek uit het dit báie trefkrag. En wat is die storie oor die oorlogskip?"

"Dit gaan daaroor dat daar beginsels in die lewe is wat nou maar net nie onderhandelbaar is nie. 'n Oorlogskip was op 'n oefensessie in vreeslike slegte weer. Kort na donker is daar toe 'n uitroep van die skip se brug af dat daar 'n lig aan die stuurboordkant is. Die kaptein vra toe of dit stilstaan of agteruit beweeg. Toe dit bevestig word dat dit stilstaan het die kaptein geweet dit hulle is besig om op 'n botsing af te stuur. Die kaptein gee toe opdrag aan die seiner om aan die ander skip te sein..., maar kom ek lees liewer verder:

"We are on a collision course, advise you change course 20 degrees."

Back came a signal, "Advisable for you to change course 20 degrees."

The captain said, "Send, I'm a captain, change course 20 degrees."

"I'm a seaman second class," came the reply, "you had better change course 20 degrees."

By that time, the captain was furious. He spat out, "Send, I'm a battleship. Change course 20 degrees."

Back came the flashing light, "I'm a lighthouse."

We changed course.' " (1:p.33).

"Sjoe. En toe sien hy die vuurtoring in die wet en jou horlosietjie!" V

Bron: 1: Stephen R Covey, *The Seven Habits of Highly Effective People*, 1992 Simon & Schuster London